


# Villa Nuus News

**Volume 3** | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree Oord


Bougainvilla Bestuur

## Hierdie uitgawe


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| BOODSKAP: JAN | 2 | SORRY LORRIE | 9 | BLOSSOMS | 18 |
| BOODSKAP: LIEZLE | 4 | MICKEY DIE MUSIKANT | 11 | SOMMIGE MENSE | 20 |
| BOODSKAP: MAGDA | 5 | ARBEID | 12 | JOOP EN ELSJE | 21 |
| WHAT'S UP? | 6 | SEWE KLIPPIES | 13 | HUMOR | 23 |
| MAXIE BURGER | 7 | GELDSAKE | 14 | WORD SEARCH | 24 |
| CHARLIE | 8 | ROLBAL | 16 | REDAKSIE | 24 |

# Jan Buter - "Stem Beter, Stem Buter"



Gebore in 'n klein plattelandse dorpie, Emmercompascuum in Nederland. Die dorpie is so 'n 1.5km vanaf die Duitse grens. Ek is die derde van 6 kinders. Ons was deel van die gereformeerdes in die dorpie. As kind van ongeveer 6 of 7 jaar oud was daar 'n gesprek oor die ellendes van oorlog en toe sê ek mos: "as alle mense tog maar was soos ons .... my Ma voltooi dit onmiddellik met: ...... moet wees! Vroegste waardevolle les wat ek steeds onthou. Ons was altyd deel van alle gesprekke en debatte oor kerk, politiek, ekonomie en onderwys. Vroeg geleer om meningsverskille te respekteer en dat vryheid van spraak belangrik is. Ek het na 'n gereformeerde laerskool gegaan. Daar was ook 'n RK meisieskool, 'n RK seunskool, 'n Hervormde en 'n Openbare skool in die dorpie. Ek het skool ontsettend geniet. Die skool het 4 klaskamers gehad met ses grade. Klasgroottes was ongeveer 20. Ek het nooit geleer klank nie, maar op woordherkenning geleer lees. Boeke was by die skool, daar was geen huiswerk en geen eksamens. Skool was van 09:00 tot 12:00 soggens en 13:30 tot 15:30 smiddae. Altyd gestap laerskool toe.

Sondae was dit oggend en middag kerk. Op pad kerk toe moes ons verby die bioskoop loop waar mense tougestaan het om kaartjies te koop. Daar was geen sondagskool nie, kerkgeskiedenis en religieuse studies was vakke nes wiskunde en aardrykskunde in die skool. Die toelatingseksamen om na die spesifieke christelike hoërskool toegelaat te word, was my eerste eksamen. Moes nou daagliks 10 km met die fiets skool toe ry en terug. Winter en somer. Na ses maande in die Hoërskool (Mei 1958) emigreer ons na Suid Afrika en gaan woon in Welkom. Groot gesin met ses kinders en het in SA geland met R320.

Die nuwe taal, omgewing, gewoontes, politiek, kerk en skool het baie vrae by my laat ontstaan wat veroorsaak het dat ek 'n baie kritiese ingesteldheid ontwikkel het. Beland in Welkom Gimnasium std 6 (Grd 8), en leer eers nuwe wiskunde in Std 8 (Grd 10) en moes toe skool verlaat weens finansiële redes (1960). Matriek deur korrespondensie gemaak terwyl ek vakleerling skrynwerker was. As vakleerling R8 per week verdien en R16 per maand aan ouers betaal vir bydrae tot gesin se onkostes. Daarna as klerk gaan werk by 'n betonstaal maatskappy. Ingeskryf as student by Unisa vir 'n B.Sc graad. Uiteindelik krediete in Aardrykskunde, Sielkunde, Sosiologie en Filosofie gekry in plaas van Wiskunde. Vir 4 jaar en 8 maande werk toe gery met my fiets en toe my eerste motor (VW Kewer) splinternuut gekoop.

Was lid van die JV (GK) en KJV (NG Kerk) en my vrou ontmoet by die KJV. Getroud in die winter van 1968 en ons wittebrood van twee weke in Durban het presies R89.04 gekos (alles ingesluit).

Op leeftyd 28 takbestuurder geword van 'n betonstaal maatskappy en later gevorder tot besturende direkteur vir die Vrystaat, Noordkaap en Lesotho. Gedien op die bestuur van 'n aantal werkgewersorganisasies, plaaslik, provinsiaal en nasionaal. Was President van die Meesterbouersvereniging van die Goudvelde, ook gedien op die Waterraad, Skoolrade, Kerkrade en Kategeet vir meer as 30 jaar. My militêre diensplig gedoen, tot luitenant en inligtingsoffisier gevorder. Grensdiens in die Caprivi gedoen.

In 1983 voltooi ek in Henley on Thames, Engeland, 'n kursus in Algemene bestuur.Politiek was deel van my belangstelling en met die spreuk "Stem Beter, Stem Buter" is ek tot die Welkom stadsraad verkies in 1983. Ek is deur die Vryemark Stigting van SA in 1989 vereer vir my bydrae tot die 'bevordering van ekonomiese vryheid in SA'. (Vorige wenners was omtrent almal Professors, Doktore en Ekonome).

In 1989 na Alberton verplaas om 6 maatskappye te bestuur aan die Oos Rand. Na vier jaar van stakings en politieke onrus het ek besluit om die korporatiewe wêreld te verlaat. Saam met Wilna 'n winkel gekoop en bestuur in Bloemfontein met 'n omset laer as wat my salaris was. Harde bene gekou vir drie jaar, maar daarna het dit beter en uiteindelik baie goed gegaan.

Op my boekrak het tot onlangs so'n 1500 van die ongeveer 3000 boeke wat ek gelees het gestaan (slegs 10 storieboeke). Sedertdien van die boeke begin uitdeel aan studente in teologie en filosofie. Ek lees steeds ywerig teologie, filosofie, politiek en ekonomie. Het deur 40 lande in die wêreld getoer en dit baie verrykend gevind.

Uit ons huwelik is vier kinders, 3 dogters en 'n seun gebore en ons het 6 kleinkinders. Ek is baie gelukkig getroud vir amper 57 jaar, met dieselfde vrou, en ontsettend dankbaar vir alles wat ons saam ervaar en geniet het. Bly en dankbaar dat ek ook Bougainvilla Aftree-oord gekies het. Boonop dankbaar dat ek vir ongeveer 8 jaar vertrou is om op ons direksie te kon dien. Nou is ek 80 jaar oud en ek hoop om Junie 2025 finaal af te tree.

Dan is die uitdaging die voltooing van een of twee projekte. Klaarmaak met die skryf aan ons lewensgeskiedenis met foto's en dokumente, reeds 800 bladsye voltooi, minstens 2000 bladsye om te gaan. Tweedens, as daar tyd oorbly, sal daar ook nog 'n boek geskryf moet word. Duisende uitknipsels en notas het ek deur die jare bymekaar gemaak. Dit sal uitgesorteer en logies in 'n eenheid saamgevoeg moet word.

## WAARHEDE VIR MY EN JOU

- Iemand wat goed is in verskonings maak, is gewoonlik goed in niks anders nie.
- Iemand wat modder gooi, verloor grond.
- 'n Goeie preek moet 'n goeie inleiding en 'n goeie afsluiting hê ..... so naby as moontlik aanmekaar.
- 'n Mens sien nie die werklikheid soos dit is nie, maar sien dit soos hy is.

P S RAATH ELECTRICAL
C.O.C
SINGLE PHASE
THREE PHASE
SOLAR INSTALLATIONS
CELL: 082 927 6485

# Liezle Hartman, a woman with heart.



I joined Bougainvilla Retirement Village as General Manager in January of 2025, this position not being just a job - but my passion. With more than 20 years' experience in the hospitality industry, I believe that people are at the centre of any such community and my role is to create a homely, warm and empathetic environment for the residents.

I Have no typical day in my life. Every day brings a new challenge, but I love and embrace the multi-facetted challenges and opportunities that a retirement village brings. My strong organizational skills, coupled with the effective management of time and resources provide a solid base for my team and I to focus on what is important - the people.

I am a strong believer in teamwork that is based on mutual respect and empathy. I also believe in the viewpoint of Richard Branson: "if you look after staff, they will look after your guests/residents", but my favourite still is: "nothing changes if nothing changes."

I was born as the eldest of Nielen and Edith (Geyser) Hartman in Durban and grew up in Pietermaritzburg where I attended Voortrekker High School. I am a natural student, and always looking to learn. I hold, amongst others, a Master's Degree in Science and a Post-Graduate Diploma in Project Management, both which I achieved with distinction. I had a short teaching career followed by a very successful career of 20 years in the hospitality industry owning a Boutique Hotel in Sabie (Mpumalanga) -- Lone Creek River Lodge.

After a long day at the office, you will find me walking my two beloved Pointers (Adriaanus and Bart (which I adopted very recently). I love the outdoors and the garden, and my workshop is my sanctuary. Here I renovate and redesign furniture which keeps my creative side content, but my great passion is sewing and quilting.

I love energy and movement and you will rarely find me just sitting and doing nothing. I am enthusiastic about the possibilities and opportunities that I encounter daily, about the significant difference slight changes can make in somebody's life and about how everybody must work together to achieve harmony. I want to see the Bougainvilla residents become more involved in their community. The old adage of everybody is fighting a battle has never been more relevant and I encourage people to support each other by reaching out. We are all in this together.

"Every day brings a new challenge"

Bougainvilla Retirement Village

# RENTALS & SALES

Contact us today if you would like to rent or buy at **Bougainvilla Retirement Village!**

**PROPERTIES FOR SALE - MARLENE: 083 680 0173**

- Neat 1 bed, 1 bath apartment - **R740 000**
- Cozy bachelor apartment - **R625 000**
- Spacious 2 bed, 1 bath apartment - **R940 000**

**PROPERTIES TO LET - ANNALIE: 083 225 3501**

- Spacious 1 bedroom, 1 bathroom apartment to rent- **R 7720PM**
- Lovely 2 bed, 1 bath house to rent - **R10720pm**

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

## Boodskap van Magda van Zyl ons finansiële direkteur

### HEFFING OP EIENDOM:

In 'n gesamentlike raadsvergadering tussen Bestuur en Direksie is besluit om eiendom met 2% te verhoog. Dit is gelyk aan R0.52 per m².

### ETE HEFFING:

Die etes kos tans R60.00 per kop. Dit verhoog na R65.00. Ons betaal tans R720.00 vir 12 etes. Van Maart maand verhoog dit na R780.00 per maand. Gaste sal voortaan R80.00 per ete betaal.
Ons beplan nie groot projekte vir 2025 nie. Ons het reeds verlede jaar die meeste groot projekte voltooi. Hieronder tel die braai-area, koffiewinkel, toebou van stoepe en die boorgat wat gesink is.

Dankie aan almal wat getrou heffings betaal.



# What's Up from WhatAPP

'n Paar komiese antwoorde deur *A.G. Visser* oor die vraag:

## Hoe gaan dit?


- Baie goed … ek het darem vanoggend bo die grond wakker geword.
- Wel, opgestaan en self aangetrek.
- Ag my vriend, ek kla nie oor my pyne nie, want ek kry dit verniet.
- Wel wel wel, ek kners op my agtertande en glimlag met my voortande.
- Ek druk deur al maak dit seer.
- Dit gaan baie goed, elke pyn is op sy regte plek.

Oordselinge se hoop vir 2025:
Dat ons lewenspad verlig sal wees - maar ook meer LIGTE in ons oord en vervanging van dooie gloeilampe …
dat ons paaie met rose besaai sal wees - nie met hondepoef nie. Voorstel:
ń Fotohoekie in Villa Nuus met losloop hondjies en/ of wegkykeienaars.
Aan ons nuwe Oordbestuurder:
klap die sweep … met ń ystervuis in ń sagte handskoen.

Positive letters can be sent to the editors of the **Villa News** on **Whats App**

078 406 0659

*Wie kan help?*
*Waar kan ou batterye weggegooi word?*

**ONS TOETS GEHOOR**

**Bougainvilla**
(Raadsaal 1ste Vloer)

- **Gehoorsiftings** (Skakel vir 'n afspraak)
- **Volledige gehoortoetse** (Skakel vir 'n afspraak)
- **Verskaffing van gehoorapparate**
- **Skoonmaak van alle tipes apparate**
- **Ondersoek vir oorwas**
- **Batterye en toebehore te koop**
- **Verstellings aan gehoorapparate** (Skakel vir 'n afspraak)


**Besoekdatums 2025**

| | |
|---|---|
| 21 Januarie | 29 Julie |
| 25 Februarie | 26 Augustus |
| 25 Maart | 30 September |
| 29 April | 28 Oktober |
| 27 Mei | 25 November |
| 24 Junie | |

**Suné Ferreira Oudioloog**
Vanette Bisschoff • Suné Ferreira

**Sinoville (012) 567 0157**
**WhatsApp 066 281 0149**

## An adventurous granny... and the Zipline



The sparkling Indian Ocean stretches endless below. The zipline spans 1.5km a thrilling ride above the waves. The platform buzzed with energy. A seven-year-old beams with enthusiasm, while a confident teenager, Elmarie, stands beside her 77-year-old grandmother, who is adjusting her harness.

"Granny, are you sure about this? You're officially the eldest here today." Grandmother grinning. "And the youngest is seven! Age is just a number, my dear." Elmarie laughs but looks impressed. The guide steps forward, double-checking Grandmother's gear.
"Alright ma'am, remember: use your stronger hand to control the brake. Don't let go, and enjoy the ride!"
Grandmother thinking by herself: "Enjoy it? I plan to make this look effortless!"

Gran winks at Elmarie, who shakes her head with a smile. Gran takes a deep breath, steps to the edge, and launches herself off the platform.

The camera follows Gran zipping through the air, the vast ocean shimming below. The wind rushes past her face, her eyes wide with excitement and wonder.
Granny laughing. "Oh, what a rush!" She grips the brake, fully immersed in the thrill of the ride. But suddenly. Her stronger hand slips off the brake! The speed increases dramatically, but her exhilaration grows.

Grandmother laughing joyfully. "This is incredible!"
Elmarie, from the platform shouting: "Granny!"
Three-quarters of the way down, the emergency parachute deploys with a loud POP, jerking her to a stop. She dangles mid-air, suspended between the sky and the ocean.

Grandmother looking around, catching her breath.

Cheers erupt from the platform. The crowd claps and whistles as Elmarie joins in, her face full of pride. Elmarie yelling and laughing. "Granny, you're amazing!"

Grandmother yelling back, smiling: " It's part of the adventure, Elmarie!"

As she looks out at the vastness of the ocean and sky, a wave of gratitude washes over her.

Grandmother to herself softly: "Between heaven and earth .... what a gift this is".

She smiles, her spirit soaring along with her.

Grandmother calling out to the guide below: "Next stop? A parachute jump!"

The platform erupts in laughter and applause. The camera pans out, showing Granny hanging peacefully in the vast sky, surrounded by the endless beauty of nature.



"Age is just a number, my dear."

An adventure by Maxie Burger




## Charlie - die Franse Toy Poedel

(Rentia en John Withers)



Ek is vier jaar, ses maande oud.

Wanneer Mammie vra: "Gaan jy saam met my ry?"
Spring ek op, my ogies blink, my stertjie waai, my lyfie swaai!
Natuurlik wil ek saamry! Dit is 'n hoogtepunt van my dag!
Ek staan regop op haar skoot met my voorvoetjies stewig op die stuurwiel!

Hierdie rooi karretjie is die beste wat ooit met haar
(en met my) kon gebeur!!
Ek kyk vorentoe, my ore wapper in die wind,
want sy moet mooi ry .. .
Vir wie gaan ek sien vandag? Wie gaan voel hoe sag my lyfie is?

Wanneer iemand vra of hulle aan my mag vat, kyk ek in jou oë,
myne blink soos joune, want nou kry ek ekstra liefde
en die mense by Bougainvilla Afreeoord ook!

## Sorry se LORRIE

Die rokend stomende klein lorrie kom kreunend die steil bult opgery. Dit is sy daaglikse werk om getrou tussen die stasie en die winkelsentrum te beweeg en te karwei waar nodig. So verdien die eienaar, Bokveld Beyers, elke dag sy dun mieliepap. Bokveld se naam is vryhand op al die oop plekke op die lorrie in onleesbare skrif geverf.



Baie getrou en eerlik het die lorrie en sy baas die karweiwerk verrig. Nooit het daar iets skeef geloop nie. Die lelike veelkleurige lorrie het baie skeef geloop. Sy voor en agterwiele het nie op dieselfde spoor geloop nie. Dit lyk altyd of hy parkeerplek soek of dat hy reg voor jou gaan inry. So het die dorp se mense lief geword vir Bokveld en sy trotse vervoermiddel.

Hulle het gewerk asof hulle vir die Here 'n werkie doen. Elke Sondag maak Bokveld die enjinkap oop en staar lank en innig na die wanorde in die lorrie se siel. Dit lyk of hy namens die lorrie om genade smeek. So het Bokveld besef, met so 'n lorrie is hy baie afhanklik van die Here. Dan vat hy hier en daar in die enjin, maak skoon en draai vas wat los is, soos die Here ook maar met ons doen, sodat ons nie uitmekaar val nie.

Bokveld Beyers het toe eerste gegroet en vir ewig gaan rus. Die sorry lorrie het toe die Glory Lorrie geword. Ten volle nuut gemaak en met 'n nuwe enjin pryk hy in die brêklokaal van die motorversamelaar. Bokveld weer, bly by die ewige Groot Versamelaar van ons siele.

God is getrou om jou ook te help met 'n vrugbare lewe.

Eggnor Egon

## Vriendskap Flentertjies

"True friends are great riches."
— Unknown

Vriende is nes skoene. Party is net mooi.
Ander is 'n moet hê. Ander is vir sport en ander vir uitgaan.

*Party is goedkoop en ander is duur.*

En dan is daar vriende soos myne. So gemaklik, duursaam en altyd gereed vir die jare se saam stap. Blink gepoets deur saamwees in swaar tye en beslis 'n moet in my reistas van my lewe so gemaklik en duursaam.



Property.CoZa®




I believe that God has blessed me in immeasurable ways so that I can, in return, bless and help others

Gerda Dafel
076 776 8001







Estelle De Beer
Huis 5302



Rita Visser
Huis 5302

It's good to feel @ home



Marie Struwig
Huis 5302

Property.CoZa® Verwelkom ons nuwe Intrekkers

# MICKEY DIE MUSIKANT

"What a wonderful world", so begin Mickey Botha se boek oor sy lewensverhaal wat deur sy geliefdes saamgestel is. Die oupagrootjie is vanjaar 88 jaar oud. Mickey is in Benoni distrik gebore en is gedoop, Paul Stephanus Botha . Reeds op skool het Mickey uitgeblink en het in graad 2 eerste gestaan.

"When we were young, we'd sing and dance forever and a day". Mickey was 'n geesdriftige jongman en lojaal teenoor sy vriende. Hy wys foto's van hom en twee vriende. Een 70 jaar na die oorspronklike een geneem. Die vreugde en ondeundheid nog steeds in die manne se oë. Mickey was lief vir die see, swem en duik. Met trots wys hy foto's waar hy twee-en-'n-halwe vooroor rol van 'n 10 meter duikplank uitvoer.

"Workin' 9 t'll 5". Mickey was 'n trotse uitvoerende verkoopsbeampte van die BMW vertoonlokaal in Voortrekkerstraat, Gezina. As erkenning vir Mickey se verkoopsvernuf skryf 'n direkteur: "Ons het 'n probleem. As Mickey tans so goed vaar met verkope, hoe uitmuntend sal hy nie vaar as ons nuwe lokaal voltooi is nie?




As gevolg van die begeerte om sy eerste liefde meer permanent uit te leef, is Mickey gedwing om van beroep te verander. Hy't die eiendomsmark betree.

Mickey se guitar is sy eerste liefde. As vyftienjarige het hy al begin musiek maak en Stan Murray was sy mentor. Mickey, Zane Cronje, Gert Wallace en Louis de Lange het gereeld opgetree. Mickey het groot agting vir Benny Raubenheimer gehad. Hulle twee en Jimmy Millar het Sondae by Bapsfontein musiek gemaak.

Mickey is gereeld gevra om musiek by rolprent-vertonings te maak. Sy guitarskool het 60 tot 80 leerlinge 'n week gehad.

Twee CD's wat Mickey uitgebring het was: "Let's fall in love" en "Someone to watch over me."

Mickey is vir seker gebore, *"under a wand'rin star".*



# Arbeidsake - Corrie Vermeulen

## Huis- en Tuinwerkers en die wet. (3)

Die wet op basiese diensvoorwaardes, soos in die eerste artikel uitgewys bepaal die omstandighede waaronder werknemers hulle dienste "verkoop". Hierdie dienste is hulle kommoditeit waarmee hulle "handel" dryf. Dis nogal belangrik om te onthou dat die werknemer self nie 'n kommoditeit is nie en daarom is menslikheid in die werksverhouding baie belangrik.

Een so 'n menslikheidsbepaling is die reg op verlof. Alhoewel verlof 'n reg is, is daar beperkings daarop. Byvoorbeeld kan werkers nie verlof neem soos en wanneer hulle wil nie. Verlof moet deur die werkgewer goedgekeur of afgekeur word. Dus moet die werknemer vooraf (verkieslik een week of langer) voor die tyd "aansoek" doen. Sou die werkgewer die verlof afkeur kan die werknemer nie net wegbly nie. Die geheim hier is menslikheid.

**Wat sê die wet oor:**


***Jaarlikse verlof:*** Werknemers is geregtig op 21 opeenvolgende dae jaarlikse verlof of, volgens ooreenkoms, een dag vir elke 17 dae gewerk of een uur vir elke 17 ure gewerk. Verlof moet nie later as ses maande na die einde van die jaarlikse verlofsiklus toegestaan word nie. 'n Werkgewer moet nie 'n werknemer betaal in plaas daarvan om verlof toe te staan nie, behalwe by die beëindiging van diens.




**1. Siekverlof:**
'n Werknemer is geregtig op ses weke se betaalde siekteverlof in 'n periode van 36 maande. Gedurende die eerste ses maande is 'n werknemer geregtig op een dag betaalde siekteverlof vir elke 26 dae gewerk. 'n Werkgewer kan 'n mediese sertifikaat vereis voordat hy 'n werknemer betaal wat vir meer as twee agtereenvolgende dae afwesig was of iemand wat dikwels afwesig is.

**2. Kraamverlof:**
'n Swanger werknemer is geregtig op vier opeenvolgende maande kraamverlof. 'n Swanger werknemer of 'n werknemer wat haar kind borsvoed mag nie toegelaat word om werk te verrig wat vir haar of haar kind gevaarlik is nie. Hierdie verlof is onbetaald en die werknemer moet dan UIF eis.
ALLE WERKNEMERS MOET BY DIE DEPARTEMENT VAN ARBEID GEREGISTREER WORD VIR WERKLOOSHEIDSVERSEKERING OF DAN UIF.
Die bydraes daarvoor behels 1% van loon deur die werkgewer asook 1% afgetrek van die werknemer af en dan oorbetaal aan die departement van arbied.
Die 1% is gebasseer op maandelikse loon.

**3. Gesinsverantwoordelikheid:**
Voltydse werknemers is op versoek geregtig op drie dae betaalde verlof per jaar, wanneer die werknemer se kind gebore word of siek is, of in die geval van die dood van die werknemer se gade of lewensmaat of die werknemer se ouer, aangenome ouer, grootouer, kind, aangenome kind, kleinkind of broer of suster.
Volgende keer kyk ons bietjie na werknemerkontrakte en betaalstate.


Corrie Vermeulen

Volgende keer kyk ons bietjie na werknemerkontrakte en betaalstate.

*Arbeidsgroete.*

# Sewe *klippies*

Daar is sewe klippies in jou sak, deur die Here vir jou ingepak. Sodat jy ene weg kan gooi vir elke tiende jaar voltooi.

Eerste klippie, geen probleem. Die spel sal donkiejare neem, dink ons in ydel kinderwaan. Die lewe gaan vir ewig aan.

Op twintig waai die tweede klip. Pragtig en rooi van lip, windmakerder kan jy nie kry. Wat ek wil, skuld die wêreld my.

Klippie drie die laat jou dink. Vir dertig jaar het jy rinkink. Vier sewendes is daar nou oor, om op te maak vir tyd verloor.

As uit jou hand die vierde val, dan vlek die grys jou slape al. En dit wat in die sak oorbly, te min om als gedoen te kry.

Dan kom jy by vyftig. Nou galop die tyd te vlytig. En na die bult-op lewenspad, beginne jy die afdraand vat.

Voorlaaste klippie nommer ses, glip uit die sak voor jy sê mes. Die wat gewerk het vir 'n baas, kry sy persent en groet vir laas.

O wee, o wee, nou klippie sewe. Skriftuurlik het jy klaar gelewe. Daar kom nou veel genade kort, vir die wat dalk wil tagtig word.

Daar is natuurlik taai kalante. Jy sien hul soms in die koerante. Wat net nie wil die emmer skop en eers na honderd om sal dop.



Of jy nou tot vervelens lewe, of tata sê hier rondom sewe. By watter klip jy ookal stop, gaan sal ons, die tyd raak op.

Ek wens jou 'n sakvol klip. Genoeg vir daardie honderd trip. En vreugde tot jou knieë daar op oudag knak.

Nou ja, ou maat. Daar het jy dit. Al wat ons nou kan doen, is bid vir gesondheid, liefde en geluk, met voorspoed vir die oorblystuk!

Marie Roos




- *DIE HERE HET ONS LIEF NET SOOS ONS IS .....*
  *MAAR HET ONS TE LIEF OM ONS TE LOS SOOS ONS IS.*

- *SOMMIGE MENSE IS SOOS BLASE -*
  *HULLE VERSKYN NA DAAR GEWERK IS.*

- *LEIERS, NET SOOS BABADOEKE, MOET GEREELD GERUIL WORD -*
  *OM DIESELFDE REDE.*

# Geldbeplanning: Let op dié boedelaspekte

Daar is 'n paar  aspekte rakende boedels wat nie algemeen bekend is nie, maar wat groot hartseer kan veroorsaak. Hier is raad.

Iemand skakel my onlangs en wil weet of 'n sekere vrou ook mag erf van haar ouers as sy in hul testament benoem is as die eksekuteur van die boedel. Persone en instellings wat as eksekuteurs mag optree, is:

- Die oorlewende se gade.
- Kinders van die oorlewende.
- Familielede van die oorledene.
- Instelling, soos 'n bank of banke se trustmaatskappye, prokureurs en ouditeure.
- Enige persoon wat aan die meester van die hooggeregshof sekuriteit kan gee in die vorm van 'n garansiepolis, as die meester dit vereis.

Dit beteken dat die eksekuteur, wat in beheer is oor die bates, aan die Meester 'n versekering moet verskaf dat as die bates wegraak of beskadig word, sal die versekering uitbetaal. As die eksekuteur 'n familielid is, is sodanige polis nie nodig nie. Bogenoemde dogter(of enige bemagtige) mag net nie die testament onderteken nie, want dan mag dié persoon nie erf nie.

Dit is die testateur of testatrise se voorreg om mede-eksekuteurs in die testament aan te wys. Nie alle persone wat aanbied om die eksekuteur te wees, is bedrewe met die beredderinge van boedels nie. Boedelberedderinge is 'n spesialistaak en die meester sal  wil weet of 'n benoemde eksekuteur wel boedels kan beredder. Indien nie, sal die meester aandring dat daar 'n agent benoem word wat of 'n volmag kry of die nuwe eksekuteur word.

**Wenk:**
Maak seker dat jou eksekuteur boedels kan beredder en dat jy en jou familie daardie persoon of instelling kan vertrou.

## Maak self voorsiening:

'n Vriend in 'n aftreeoord se buurvrou is lankal geskei en ontvang 'n maandelikse inkomste van haar eksman. Hy betaal ook haar mediese versekering en korttermyn versekeringspremie ingevolge die egskeidingsbevel. Die man is glo baie siek en sy weet nie hoe sy aan die lewe gaan bly as hy sterf nie.

As gevolg van die egskeidingsbevel het sy beslis 'n eis teen sy boedel. So 'n eis word aktuarieel bereken en dit is 'n preferente eis, wat beteken dat dit een is wat voor in die ry staan, soos eise van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Daar is 'n paar aspekte waarna 'n mens moet kyk, naamlik die stand van sy boedel, sy huidige gesinsopset, die aanstelling van die eksekuteur en die tydsduur van afhandeling van die boedel. As die eks se boedel uitgeput is by sy afsterwe, is die vrou in groot moeilikheid. In die egskeidingsbevel moes voorsiening gemaak gewees het vir 'n lewenspolis wat onderhou moes word (verkieslik deur die vrou) of 'n sessie van 'n groot belegging.

As die man weer getrou het, moet hy ook vir sy nuwe gesin sorg. Sy pensioenfonds word gewoonlik reeds verdeel ten tye van egskeiding sodat die eksvrou nie daarteen kan eis nie.Die aanstelling van 'n eksekuteur kan dae, maande selfs jare neem. Die eksvrou benodig elke maand haar inkomste en mediesefondsbetaling en derglike, maar as die eksekuteur nie aangestel is nie, gaan sy nie betaling kry nie. Verder, na die aanstelling van die eksekuteur, kan sy 'n voorskot vra ingevolge die skikkingsbevel, maar dit is nie moontlik om die vrou sonder meer maandeliks te betaal nie. Die eksekuteur moet eers die bestorwe boedel se bates en laste ondersoek.



**Wenk:**
As iemand afhanklik is van die maandelikse inkomste van die eks, sal dit raadsaam wees om ’n noodfonds vir minstens vier tot ses maande se uitgawes op te pot.

### Eis teen boedel

Dit gebeur soms dat die langslewende gade in die testament deur die oorledene benadeel word. Die bates word vererf na trusts waarvan die langslewende gade nie ’n begunstigte is nie, of na die kinders of ’n ander persoon of instelling.

Die langslewende kan ’n eis teen die boedel instel ingevolge die Wet op die Onderhoud van Langslewend Gades(Wet 27 van 1990). Dit sal verseker dat die langslewende genoeg eis uit die boedel om aan die gang te bly. So ’n eis is ook ’n preferente eis.

**Wenk:**
Moet nie jou gade snoep in die testament nie.

### Meester moet weet

Ons kry al meer te doen met mense wat nie bestorwe boedels van geliefdes by die meester aanmeld nie. Party mense dink omdat die oorledene te min bates het, kan dit maar geignoreer word, en ander vind die proses van aanmelding vir bereddering net te ingewikkeld. As niemand hulle aanvat nie, word sodanige boedels nie by die meester geregistreer nie.

Boedels waarvan die bate waarde onder die bedrag van R250 000 is, word nie beredder ingevolge die gewone manier, soos voorgeskryf in artikel 13(14) van die Boedelwet (Wet 66 van 1965) nie, maar word beredder ingevolge artikel 18(3) met die hulp van die naaste familielid.




’n Boedel behoort binne 21 dae aangemeld te word deur die naaste familielid of deur die benoemde eksekuteur.
Ons is bewus van ’n persoon wat reeds in die 1980's gesterf het en die eienaar van twee plase was. Met sy afsterwe het sy enigste dogter saam met haar gesin op een van die plase gewoon. Later, toe die dogter se man oorlede is, het sy die plaas mondeling aan haar buurman verhuur en haar elders gevestig. Niemand vra vrae nie.

Sy kry inkomste uit die verhuring van al twee plase en woon in vrede. Die probleem gaan kom wanneer sy sterf, want dit is nie haar eiendom nie. Die plase is steeds op haar oorlede pa se naam, wie se boedel nie afgehandel is nie.

**Wenk:**
Doen die regte ding en begin by die beredderring van die pa se boedel.

LBW





André Eloff
(foto, lid van FISA)
en AJ du Plooy (Bjuris, ATC)
is boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.
NAVRAE: andre@buslegal.co.za

# Rolbal

Rolbal is 'n sport waar balle op 'n grasbaan gerol word. Die doel is om jou bal so naby as moontlik aan die kleiner doelbal, die "witte" ook die "jack" of "kitty" genoem, te rol. Vir elke bal wat nader as die teenstander se bal opeindig, kry jy 'n punt. Dit word individueel of in spanne van twee, drie of vier spelers elk gespeel. Dit word meestal buitekant op grasbane beoefen, hoewel dit in sekere stadions ook binneshuis op natuurlike gras of 'n kuns oppervlak gespeel word.

Dit word deur sowel mans as vroue gespeel, en hoewel dit hoofsaaklik deur ouer mense beoefen word, stel al hoe meer jong mense teenswoordig ook daarin belang. In Suid Afrika is rolbal baie gewild en die land het al van die wêreld se voorste spelers opgelewer.

Die spel rolbal word op 'n grasperk met 'n lengte, nie minder as 31 en langer as 40 meter gespeel. Die grasperk is gewoonlik in ses bane verdeel sodat ses wedstryde tegelykertyd kan plaasvind. Die groot bruin of swart balle wat gebruik word, moet 'n deursnee van 12 tot 13cm en 'n massa van 1,3 tot 1,6kg hê. Aan die eenkant van die balle is 'n massastuk ingevoeg sodat dit effens eenkant toe swaai wanneer dit gerol word.

'n Wedstryd begin deur 'n wit balletjie (die witte) van die eenkant van die baan na die anderkant te rol. Die deelnemers probeer dan vervolgens om die beurt om die groot balle op so 'n wyse oor die baan te rol dat dit so na as moontlik aan die witte gaan lê. Na afloop van elke speelbeurt kry 'n speler 'n punt vir elke bal wat nader aan die witte lê as enigeen van die van sy teenstander.



In enkelspelwedstryde rol elke speler vier balle om die beurt en stap daarna na die oorkant om die telling te bereken en die volgende speelbeurt van daar af te begin. Die speler wat eerste 21 punte behaal, wen die wedstryd. By parespel wedstryde (2 spelers per span) rol elke speler 4 balle beurtelings en die span wat na 21 speelbeurte voorloop, wen.

Wedstryde vir vier spanne word net soos parespelle gespeel, maar elke speler rol net twee balle per speelbeurt. Wedstryde vir drie spanne word oor 18 speelbeurte beslis en elke speler rol drie balle per speelbeurt.




Marinda van Jaarsveld (Eenheid 127) het in 2024 twee keer silwer vir haar klub, Wonderboom, gewen.



ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!
MONTANA
APTEEK+KLINIEK
JOU WELSTAND KOM EERSTE
Vertrou ons kliniek se kundigheid en gevorderde fasiliteite om uitsonderlike sorg te verskaf.
GRATIS AFLEWERING
BESIGHEIDSURE:
Maandag & Dinsdag: 07:00 - 19:00
Saterdae: 08:00 - 18:00
Sondae & Publieke vakansiedae: 09:00 - 17:00
KLINIEKURE
Maandag & Dinsdag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Woensdag: 08h00 – 13h00 en 16h00 – 19h00
Donderdag & Vrydag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Elke Saterdag: 08h00 - 13h00
012 548 1721/0270/1836
060 736 3010
montana@arrienel.co.za
Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
montana@arrienel.co.za | www.arrienel.co.za
MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
thrive
better than well

# BLOSSOMS of a shared past



Eleanor had spent her life draped in the silks of luxury, her days filled with the opulence of high society events and the endless horizon of the Mediterranean Sea. Her latest escapade was a three-week cruise that promised the azure waters of Italy, the ancient ruins of Greece, and the chic cafes of France. Yet, amidst the opulence, she felt a void, an emptiness that the finest champagne couldn't fill. It was the stories of her fellow travelers, their tales of simple, heartfelt lives in small communities, that sparked a curiosity within her. They spoke of places where the sunsets painted the sky for friends rather than strangers, where life was less about the grandeur and more about the moments. Intrigued, Eleanor decided on a whim to settle in Bougainvilla Retirement Village, a place she hoped might offer her the peace and connection her wealth had never provided.

Across from Eleanor's grand new beginning, Agnes lived a life of stark contrast. Her days were colored by the sweat of hard work and the love she poured into raising her three children. They had all emigrated now, chasing dreams in distant lands, leaving Agnes with a heart both proud and achingly lonely. Her children, with their well-intentioned worry for her solitude, had arranged for her to move into Bougainvilla, a place where she would be cared for, but it was far from the constant buzz of family life she cherished. Each morning, Agnes would wander through the village, her heart pulling her towards the vibrant garden that stood as an oasis among the uniform buildings. It was this garden, alive with the fiery hues of bougainvillea, that caught her eye, reminding her of the gardens she once tended with her children, their laughter mingling with the scent of earth and flowers.

Eleanor, now the steward of this enchanting garden, noticed Agnes from her window.

There was something in the longing gaze Agnes cast upon the flowers, a mirror to Eleanor's own yearning for connection. Deciding to bridge their solitude, Eleanor stepped out, her voice carrying the warmth of a long-lost friend, "Would you like to join me for tea?"

Agnes, taken aback by the kindness in this stranger's voice, nodded, her heart fluttering with the excitement of an unexpected invitation. She followed Eleanor into her home, which was as luxurious as one might expect from someone of Eleanor's background. The walls were adorned with art from her travels, each piece telling a story of a place she had visited but never truly felt part of. The tea set was ornate, a stark contrast to Agnes's simple life, but there was a comfort in the warmth of the tea and the genuine smile Eleanor offered.

"Such a beautiful garden," Agnes said, her eyes scanning the room but always returning to the view of the garden through the window.

"Thank you," Eleanor replied, pouring the tea. "It's one of the few things that truly makes this place feel like home. But I must admit, I've seen you admiring it more than once."

Agnes chuckled, "It reminds me of the gardens back home, where my children and I would spend our weekends. It's... comforting."

As they sat, sipping their tea, the conversation flowed like a gentle stream. Eleanor recounted tales from her cruise, the beauty of the Mediterranean, but also her quest for something more meaningful than wealth could ever buy. "I've traveled the world, seen places most dream of, but I've felt more alone than ever," she confessed, her voice laced with a trace of sadness.

Agnes, in turn, shared stories of her children, their new lives abroad, the video calls that were both a lifeline and a reminder of the physical distance. "I miss them so much, the noise, the chaos of a full house," she said, her eyes misty. "But this garden, it's like a piece of them here with me."

Their conversation meandered through gardens, life's small joys, and the paths they had walked. It was when they delved into their pasts that the air seemed to shift. Eleanor mentioned her adoption into a life of privilege, a story of love but also of loss. "I was taken in by a family who gave me everything, except the knowledge of where I truly came from," she said, her voice softening.

Agnes, with a photo of her parents in her hands, spoke of her own upbringing, of being left with relatives due to the family's financial collapse. "My parents ... they had to make hard choices. I was the one left behind," she shared, her voice trembling slightly as she handed the photo to Eleanor.

It was in this exchange, under the watchful eyes of the portraits on Eleanor's walls, that a startling truth emerged - they were sisters, separated at birth, their lives branching into two dramatically different worlds. The silence that followed was heavy with emotion. Eleanor stared at the photo, her heart pounding, a storm of feelings swirling within her - joy, disbelief, sorrow for the missed years.

"You ... you look so much like my mother," Eleanor whispered, her eyes welling up with tears.

"And you, you have her eyes," Agnes replied, her own tears falling, a mix of joy and grief.

The revelation was a whirlwind of emotions; the joy of finding family, the sorrow for the years lost. "I never thought ... I had given up hope of ever finding anyone," Eleanor said, her voice breaking.

Agnes reached across the table, taking Eleanor's hand. "I've always felt a part of me was missing. And now, here you are, right in front of me."Tears were shed, but they were tears of healing, of bridges built from the ashes of a long-ago fire. From that day, Eleanor and Agnes were inseparable. Eleanor, with her newfound family, introduced Agnes to the finer things in life, teaching her about art, wine, and the joys of traveling within one's own home through stories. "Let me show you the world through my eyes," Eleanor said one day, her voice filled with excitement.

Agnes, in return, brought Eleanor into the world of simplicity, showing her the beauty in a home-cooked meal, the rhythm of gardening, and the depth of true companionship. "There's joy in the simple things, Eleanor. Let me share that with you," Agnes replied, her smile brightening the room.

Together, they created a new tapestry of family within Bougainvilla, their lives intertwined by the unexpected gift of each other. They held tea parties under the bougainvillea, where laughter was as abundant as the flowers, and where Eleanor learned to cherish the small, everyday moments as much as the grand ones. Agnes found solace in knowing she wasn't alone, her children's faces smiling in the photos that now adorned both their homes, connecting continents through shared memories.

Their story was one of blossoms from a shared past, a testament to the serendipity that can bloom even in the later chapters of life, proving that new beginnings are possible, that family can be rediscovered, and that love, once found, knows no bounds of time or circumstance. In each other, they found not just a sister, but a piece of their soul they hadn't realized was missing.



# Sommige mense is op 45 al STOKOUD

## "We are all stardust and stories,"

skryf Erin Morgenstern in haar boek The Starless Sea.

Hoe mooi is hierdie aanhaling. My tone krul van lekkerkry. Want dis so, so waar.

Ek en jy, liewe leser, is 'n samestelling van dieselfde stof waarvan sterre gemaak is. Asook die stories wat ek en jy binne ons dra. En hoe ouer ons word, hoe meer stories dra ons binne onsself. Komedies, tragedies en rillers. Ons is lopende biblioteke.

Die stories is wat ons aanmekaar bind. En dit is so oud soos die mensdom self. In watter vorm dit ook al mag kom. Stories om 'n vuur. Musiek. 'n Fliek. 'n Televisiereeks. 'n Boek. En soms lees ek iets wat my vir 'n rukkie laat stop. Dit weer lees. Want dit raak êrens 'n Waarheid. Volgende jaar is ek 50. Vriende word ernstig siek. Afskeid word geneem. Dinge wat nie tien jaar terug gebeur het nie. En vir die eerste keer word ek werklik bewus van ouer word. Dalk daarom dat die volgende my getref het. Wie dit beskryf het, weet ek nie. Maar dit gaan iets soos volg:

Oudword begin nie noodwendig op 60 of 70 nie. Vir sommige mense begin dit op 45, of dalk self op 35. 'n Paradoks nie waar nie?

"Kyk om jou rond en jy sal baie mense sien wat nog jonk is, maar oud. En ander oud, maar jeugdigheid vonkel in hulle oë.

"Weet dat grys hare nie ouderdom definieer nie, ook nie as jy met ' n kierie loop nie. Jy word oud wanneer jy sê: 'Ek's moeg'. Jy word oud wanneer jy nie meer glo dat jy liefde waardig is nie.

"Jy word oud wanneer jy dink jy nie meer mooi of aantreklik genoeg is, om bewonder te word wanneer jy in die straat loop nie. Wanneer jy nie na jouself in die spieël kan kyk nie en op 'n kompliment antwoord:'Jy oordryf.'

"Jy begin oud word wanneer jy moeg word van interessante dinge, wanneer jy nie meer geïnteresseerd is om iets nuuts te leer, te sien of te hoor nie. Wanneer jy geïrriteerd raak met jong mense se vermaak en die gehuil van 'n kind gee jou hoofpyn, want jy verkies eensaamheid bo kommunikasie.

"Wanneer die eerste grys haar verskyn, maar jou hart is reeds verlep, sonder energie. Wanneer jy al hoe meer sê: 'Ek wil nie en selde planne maak.'

"Jy word oud wanneer jy voel jy het te veel teleurstellings, neerslae en pyn bymekaar gemaak ... En wanneer jy voel dit raak net te moeilik om weer op te staan.



Wanneer jy skuiling soek in jou huis en nie wil uitgaan nie. Wanneer jy teveel treur en nie meer redes vind vir geluk en dankbaarheid nie ... vir God, vir mense, vir die lewe, vir jouself. Daar is geen maatstaf vir oudword nie. Vir sommiges begin oudword in hul 80's. Vir ander in hul 40's.

Ja, sommige dae voel ek 80. Ander dae voel ek 22. Maar stories wil ek dra totdat ek nie meer kan nie. Die komedies, die tragedies en die rillers. Want dit sal altyd daar wees tot in ewigheid, saam met die sterre.

Geplaas deur George Grewar (Eenheid 75)

Skrywer: Antoinette Louw

# Die storie van die 1957 Fiat 500 van Joop en Elsje Becker.

As jong egpaar het ons vanaf 1964 tot 1970 in Parklaan 24, regoor die Pretoria-Noord Hoërskool, gewoon.Teen 1967 was die oudste seun, Hennie, 6 jaar oud en sy boetie, Gert, was 5. Joop, 'n ingenieur, was gretig om vir die pret vir sy seuns 'n knortjor (Gokart) te bou. Hy kry toe by sy broer Gert 'n 2 perdekrag JAP-enjin om die knortjor te bou.

Dit het baie groot pret verskaf, maar dikwels het die knortjor in Elsje se blombedding beland. Elsje maak toe 'n plan om op die sportgronde van die hoërskool oorkant hul huis te gaan ry, in die middae as daar nie kadette of sport aan die gang is nie. Die groter seuns was baie lasting, want hulle wou toe ook knortjor ry. Elsje het toe aangedring dat ons 'n kleinhoewe koop.

Joop se pa het naby Cullinan gewoon. Met ons besoeke daar, het ons altyd met die Zambezi Rylaan gery en baie mooi kleinhoewes in Montana gesien. Ons het toe 'n 2 hektaar kleinhoewe in Veralaan, oos van die Kolonnade, gekoop. Die seuns kon toe heerlik ry, sonder om gepla te word.

Die knortjor het geweldig gestamp as 'n mens oor die graspolle ry. 'n Kortpad het toe geblyk om 'n Fiat 500, wat geskroot is, se onderstel te installeer. Die bakwerk was nog puik, maar die enjin was vasgebrand.

Elsje het die motortjie bekyk en gepleit dat die enjin reggemaak moet word. Joop het toe die enjin uitgehaal en gevind dat die een hooflaer vasgebrand het. Dis 'n lugverkoelde enjin en die karton toevoerpyp vir die lug was heeltemal toegeknyp. Joop het vir R22 'n nuwe toevoerpyp gekoop en die laer geskraap. Die motortjie het toe weer pragtig geloop tot groot vreugde van die seuns. Die seuns is toe geleer om die motor op

die hoewe te bestuur. Die maatjies het kom kuier en gretig saam gery. Die dakkie kon afslaan en as die kinders staan kon tot ses gelyk saam ry. Dit het dikwels gebeur dat jy ses koppies bo sien uitsteek. Al vier my seuns het op die Fiat 500 geleer om motor te bestuur.



Joop se Fiat 500

Toe my oudste seun, Hennie, twaalf jaar oud was, het hy ook geleer om 'n Vaaljapie Ferguson trekker, op die kleinhoewe te bestuur. Elsje besluit toe dat die gras in die kamp agter die huis gesny moet word. Ons het 'n snymasjien wat agterop die driepunt van die trekker gepas het, gehad. Dit het 'n lang lem gehad met tande wat heen en weer beweeg het. Joop se pa het gewaarsku dat so 'n lem uiters gevaarlik is en het al gesien hoe so 'n lem 'n hond se been afsny.

Joop was lid van 'n saamryklub en was by die werk. In die garage het 'n splinternuwe Renault R12 motor gestaan. Die snyery het goed gevlot tot die lem teen 'n boompie met 'n 30mm stam gaan staan het. As veiligheidsmaatreël is die trekker se enjin afgeskakel.

Elsje het probeer om die boompie tussen die snytande uit te kry. Hennie het probeer deur die "pulley" heen en weer te wikkel. Toe die boompie uitglip het die lemme Elsje se vingers tot op die been gesny, gelukkig nie af nie. Sy het die bloed gestop met die ander hand en vir Hennie gevra om haar gou dokter toe te neem met die nuwe Renault.

Hennie het toe die Renault foutloos vanaf Montana na Pretoria-Noord waar die dokter se spreekkamer was, bestuur. Nadat die dokter steke ingesit het, het Elsje terug bestuur.

Nadat die vier seuns opgegroei het, het die Fiat vir omtrent 25 jaar gestaan.

Joop het 'n nuwe battery gekoop en petrol in die vergasser gegooi. Die Fiat het dadelik gevat.

Met Joop se 80ste verjaarsdag, wat by 'n restaurant by die Voortrekker Monument gevier is, het Joop en Elsje met die Fiat gearriveer.

"Die knortjor"






Geplaas deur Dinie Roets
(Eenheid 23)

# Resep

## 'n Maklike Oorgooi Resep

Klits saam:
1koppie melk en 2 eiers plus halwe koppie olie.
Voeg by 1 koppie koekmeel, kwart teelepel sout, bietjie aromat of bietjie rooi peper.
Deeg is baie slap.

Spuit kolwyn pannetjies. Sit 2 lepelsvol deeg onder. Sit enige gaar sout vulsel op.  Gooi weer lepels deeg oor. Bak in warm oond tot goud bruin.
Maklik en vinnig.

Humor

# GOOD LAUGH

Senior Moments



"What do you mean, you forgot where you parked? You're shopping online."

KALLIE, GERRIE EN MIKE IS GESTRAND OP 'N EILAND VIR MAANDE. EENDAG SPOEL DAAR 'N BOTTEL UIT MET 'N BRIEFIE IN. HULLE MAAK DIT OOP EN LEES:"EK IS 'N GOEIE–WENS–BOTTEL. ELKEEN VAN JULLE KRY EEN WENS."

KALLIE SÊ DADELIK:"EK WENS EK WAS NOU OP MY PLAAS." WOEPS WEG IS KALLIE.

GERRIE KYK SO EN SÊ:"EK WENS EK WAS NOU BY MY EIE HUIS." WOEPS WEG IS GERRIE.

OU MIKE KYK SO ROND, KRAP SY KOP EN SÊ: "SJOE, EK WENS OU KALLIE EN GERRIE WAS NOU HIER!"

PA ROEP DIE HUISGESIN NADER EN KLA OOR DIE TELEFOONREKENING."DIS NIE EK NIE" Sê DIE PA, WANT EK BEL VAN DIE WERK AF!""DIS OOK NIE EK NIE", Sê DIE MA, "WANT EK BEL OOK VAN DIE WERK AF". "EK WEET NIE WAAROOR AL DIE BOHAAI NIE", Sê DIE HUISHOUDSTER,"WANT EK BEL OOK VAN DIE WERK AF!"

## Het jy geweet?

ń Trop buffels beweeg net so vinnig soos die stadigste buffel. Wanneer die trop gejag word, is dit die stadigste en swakste agter wat geskiet word. Die natuurlike seleksie is goed vir die trop as ń geheel, want die spoed en toestand van die trop verbeter deur die gereelde eliminering van die swakste troplid. Op dieselfde manier funksioneer die menslike brein net so goed soos die swakste breinsel. Soos ons weet, vernietig oormatige gebruik van alkohol breinselle. Maar natuurlik val die alkohol die swakste en stadigste breinselle eerste aan. Op die manier word die swakste en stadigste eerste vernietig, wat dan die brein vinniger en meer effektief laat funksioneer ... en dit is hoekom jy slimmer voel na ń paar doppe!

# Woordsoek/Word search



## BIG ANIMALS





| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | G | D | T | P | C | H | C | I | R | T | S | O | K | Z |
| N | F | D | N | E | O | X | T | H | Q | Q | R | W | O | Y |
| A | D | R | H | A | T | L | I | B | P | O | E | E | D | E |
| C | D | R | I | T | L | N | A | L | Z | G | G | H | I | L |
| O | N | Q | G | C | O | E | F | R | I | V | I | X | A | A |
| N | G | B | B | C | A | C | G | R | B | N | T | L | K | H |
| D | L | A | E | S | T | N | A | H | P | E | L | E | B | W |
| A | O | R | A | W | T | F | E | G | R | K | A | A | E | E |
| X | O | M | U | V | F | X | I | L | X | R | W | R | A | U |
| S | D | O | P | E | V | S | B | Z | E | M | P | C | R | L |
| K | R | A | H | S | E | L | A | H | W | P | W | W | N | B |
| G | R | E | A | T | W | H | I | T | E | S | H | A | R | K |
| R | E | D | N | A | M | A | L | A | S | T | N | A | I | G |
| F | H | I | P | P | O | P | O | T | A | M | U | S | N | E |
| E | U | X | O | C | R | O | C | O | D | I | L | E | T | T |

**African elephant | Rhinoceros | Anaconda | Tiger | Blue whale | Whale shark**
**Crocodile | Eland | Elephant seal | Giant salamander | Giraffe**
**Great white shark | Hippopotamus | Kodiak bear | Ostrich | Polar bear**

BOODSKAP VAN REDAKSIE
'n Groot dank aan elke medewerker van die Maart-uitgawe. Dertien van die sestien artikels het van die oordbewoners gekom. Doen so voort!

ADVERTENSIES
Villa Nuus aanvaar nie net die adverteerders op ons blad as vanselfsprekend nie. Julle deelname word hoog op prys gestel. Dankie vir die diens wat julle aan Bougainvilla bewys.

**VRYWILLIGE VILLA NUUS VERSPREIDERS**
Twee-en-dertig vrywilligers het hul dienste aangebied om VILLA NUUS te versprei. Julle hulp sal daartoe bydra dat die blad vir seker by almal sal uitkom.
Ons hoop die MAART- uitgawe van VILLA NUUS het jou ook aangespoor om 'n artikel te plaas. Wat van 'n toer, interessante stokperdjie en/of interessante beroepe?

Kontak ons asseblief by WhatsApp **078 409 0659**,
of gebruik e-pos : **villanuus@gmail.com**



